SEPTEMBER / OKTOBER 2016

"Roep My aan en Ek sal jou antwoord" (Jer. 33:3)

JAPANSENDING

Geroep om te Dien

# VRYHEID VAN VREES - DEEL 1

Shizu is in 1960 in Osaka gebore uit 'n tradisionele Japannese familie. Sy is geleer om haar voorvaders voor die Boeddhistiese altaar te eer en die geeste tevrede te stel wat oral lewe, deur na die tempels en heilige plekke te gaan om haar eer te bewys.

"As jong kind onthou ek dat ek deur die venster gekyk en iets wit sien verbygaan het. Dit was donker, daarom was ek oortuig dat ek 'n gees gesien het," het Shizu onlangs vertel. Haar geloof in die geesteswêreld het 'n diepgaande impak op haar lewe gemaak.

"Ek het bevrees opgegroei, maar is ook vreemd aangetrek deur die geesteswêreld. Terwyl ek in die laerskool was, het ek op 'n skooltoer gegaan en die nag by 'n tempel op die berg Kooya deurgebring. 'n Aantal van my vriende het gesê dat hulle geeste in die vorm van vuurballe gesien het. Ek onthou dat ek vreesbevange was.



*Shizu Imahori*

Toe my ouma oorlede is, is ek wysgemaak en het ek dit ook geglo, dat haar gees altyd rondom my sou wees om my te beskerm van slegte dinge.

My geloof in sulke dinge het later begin afneem toe ek universiteit toe is. Ongeveer daardie tyd het ek saam met my vriende na Tsuruga gegaan om te oornag by 'n tempel. Ek het toe nie in geeste geglo nie, maar daardie nag het ek duidelik voetstappe gehoor en gevoel hoe koue lug in my kamer instroom. Ek het bewus geword van 'n teenwoordigheid wat my dophou. Uit desperaatheid het ek my oë gesluit en 'n paar Boeddhistiese gebede opgesê wat ek gememoriseer het. 'n Rukkie later het daar verligting gekom, want ek het gevoel dat hierdie teenwoordigheid van my af weggegaan het.

Na ek gegradueer het, het ek 'n Engelse onderwyseres by 'n middelbare skool geword. Terwyl ek skoolgehou het, het ek begin aangetrokke voel tot 'n kollega wat 'n wetenskaponderwyser was, genaamd Seiji Imahori. Hy kom ook uit 'n tradisionele familie en het ook in Osaka opgegroei. Ons het baie in gemeen gehad en is in 1986 getroud. Ons was gelukkig getroud en het twee dogters en 'n seun. Kort nadat elke kind gebore is, was ek in staat om terug te keer na my werk toe, want my ma het my gehelp om na my kinders te kyk.

Terwyl ek skoolgehou het, het ek in kontak gekom met Cally van die VSA, wat aan my klas toegewys is as 'n 'ALT' (assistenttaalonderwyser). Sy was 'n Christen, maar kon nie oor godsdiens in ons publieke skool praat nie. Ek het aangevoel dat sy 'n persoon was met goeie oortuigings, dus het ek haar gevra om een keer per week na my huis toe te kom om my kinders Engels te leer.

Ek en Cally het goeie vriende geword en ek onthou dat ek haar eenkeer vertel het, 'Ek sien God in jou'. Sy het geglimlag en my 'n stywe drukkie gegee. Ons vriendskap was my eerste kennismaking met Christenskap.

Net voor sy Japan sou verlaat, het sy my voorgestel aan Ginny, wat deeltyds by KCS (Kansai Christenskool) skoolgehou het. Ginny het ook een keer per week na my huis gekom om my kinders te leer.

Omtrent daardie tyd is my oudste dogter, Mari, na die laerskool. Sy het probleme ondervind en was nie baie gelukkig om na die plaaslike Japannese skool te gaan nie. Ek het hierdie probleem met Ginny bespreek en sy het my vertel dat sy van 'n goeie skool weet en ons toe geneem na KCS.

Ek was bekommerd oor hoe goed Mari sou aanpas in hierdie nuwe skool waar die kurrikulum alles in Engels was, maar het tog besluit om haar vir 'n week soontoe te stuur. Ek onthou nog hoe gelukkig Mari was toe sy by die huis gekom het na haar eerste week by KCS en dit het my oortuig dat hierdie die beste skool vir haar was." Dit is hoe Mari in 1995 by KCS begin het.

Ginny het net vir 'n paar maande by KCS skoolgehou, maar die Here het haar gebruik as instrument om die Imahorifamilie aan KCS bekend te stel. Dit het 'n hele reeks gebeure aan die gang gesit wat tot die redding van baie gelei het.

"Die huiswerk wat Mari huis toe gebring het, was ietwat van 'n uitdaging, maar ek kon die meeste daarvan verstaan, want ek was 'n Engelse onderwyseres," het Shizu gedeel. "Die skool het dikwels 'n kennisgewing wat ***Nuusflits*** genoem is saam met die leerlinge gestuur. Die Bybelverse onder aan hierdie kennisgewing was my eerste kennismaking met die woorde van die Bybel.

Soos die tyd verbygegaan het, het ons besluit om al drie ons kinders na KCS te stuur. Partykeer moes hulle vir huiswerk kort Bybelverse memoriseer. Ek het myself gevang dat ek nagedink het oor die betekenis, terwyl ek hulle gehelp het om die woorde te memoriseer. Ek het begin glo dat daar waarheid in hierdie woorde gesteek het en was beïndruk met die morele lering onderliggend aan hierdie verse.

Toe ek aanvanklik die PTA-byeenkomste begin bywoon het, het ek opgemerk dat hulle met gebed geopen het. Aan die begin het ek dit vreemd gevind, maar gou is ek beïndruk deur hulle opregte geloof en gebondenheid aan die Bybel.

Soos wat ek meer geleer het oor Christelikheid het ek begin verstaan dat die kern van lering die liefde is. Ek is altyd geleer om die geesteswêreld te vrees en het gevoel dat ek die geeste moet tevrede stel. Ek het gevoel dat as ek nalaat om dit te doen, ek op een of ander manier deur die gode gestraf sou word. Die Christelike lering was soveel vryer en vol hoop.

Baie van die ouers by KCS was sendelinge, dus kon ek hulle allerlei vrae vra. Ek het stadigaan begin glo in Jesus, maar kon nie myself bring tot 'n oorgawe nie. KCS het een naweek 'n kamp gehou en die ouers genooi om dit by te woon. Ek het met 'n sendelingvriend by die kamp gepraat en gevra, 'Sal Jesus my enige soort sonde vergewe, al is dit ook hoe sleg?' 'Natuurlik,' het hy geantwoord en vir my gebid.

Toe hy bid, het ek my oë gesluit en 'n helder lig gesien en spontaan hardop gesê: 'Ek glo in U, Here Jesus, en

Verteenwoordigers in Japan: DAWID & SUE VERWEY

7-40 MONZEN CHO
IKOMA CITY, NARA KEN
630-0266, JAPAN
Tel: 0081-743731754
Faks: 0081-743731681
www.japanmission.org

POSBUS 30106
WONDERBOOMPOORT 0033
Tel: (012)377-1533
083 719 0227
Faks: (012)377-1533
sa@japanmission.org

Indien u rapporte en gebedsversoeke vanaf Japan per E-pos wil ontvang, kontak asb jm@japanmission.org

**DIE SENDING SE UITREIKINGS - "BID VIR ONS"**

- Bybels en Leesstof
- Studente Uitreiking
- Bediening in Tronke
- Engelse Evangelisasie
- Oudiovisuele Uitreiking
- Hospitaal Evangelisasie
- Bejaardes Uitreiking
- Evangelisasie Byeenkomste

***ONS OPREGTE DANK EN WAARDERING*** **teenoor vriende wat bankinbetalings gedoen en ons laat weet het, en veral ook vir inbetalings wat ons nie kon erken nie. Ons trag om alle donasies persoonlik te erken, maar ongelukkig verskyn daar dikwels nie voldoende inligting op die bankstate nie.**

**▪ Sal u asb so goed wees om ons te laat weet as u nie 'n erkenning ontvang het nie en ook as u van adres verander.**

**Dit sal 'n groot hulp wees indien die donateur se NAAM en TELEFOONNOMMER duidelik op die Bank Deposito-strokie of Debietorder of Internet oorbetaling verskyn.**

**▪ Met opregte waardering erken ons die volgende bankinbetalings waarvoor daar ongelukkig nie voldoende inligting op die bankstate verskyn nie:**

**STANDARD BANK:- 30/6/2016, 2/7, 11/7, 16/7, 20/7, 21/7, 29/7, 29/7 Woodlands, 1/8, 4/8, 16/8, 20/8, 22/8.**

**ABSA BANK:- 25/6 Wellington, 26/6, 28/6 Bybels, 29/6, 30/6, 1/7, 5/7 NLM, 5/7 Menlyn, 7/7 Brackenfell, 13/7, 15/7, 16/7, 18/7, 26/7, 28/7 Bybels, 1/8, 2/8 NLM, 2/8 Polokwane, 5/8, 8/8 Langeberg Bybels, 16/8, 18/8/2016.**

**▪ Tjeks kan aan JAPANSENDING betaalbaar gemaak en gekruis word. Dit is egter nie veilig om banknote per pos te stuur nie. 'n Deposito kan direk in die Sending se bankrekening gemaak word by enige tak van STANDARD BANK of ABSA BANK of 'n debietorder kan gebruik word.**

**Nogmaals BAIE DANKIE, liewe vriende. Mag die Here u seën.**

**Naam van Rekening: JAPANSENDING**
**STANDARD BANK, Rek No 010 333 126, Tak No 014-845**
**ABSA BANK, Rek No 090 161 334, Tak No 334-645**

***JAPANSENDING, POSBUS 30106, WONDERBOOMPOORT 0033***
***Tel/Faks (012)377-1533 E-pos: sa@japanmission.org***

***(Art 21) Reg No 2006 /019264 /08***

ontvang U in my hart.' Ek het hom vertel wat ek sopas ervaar het en ons het ons in die Here verbly."

***Elkeen wat bely dat Jesus die Seun van God is -- God bly in hom, en hy in God. En ons het die liefde wat God tot ons het, leer ken en geglo. God is liefde; en hy wat in die liefde bly, bly in God, en God in hom*** (1 Joh. 4:15-16).

"Na ek my sonde bely het, het ek 'n oorweldigende vrede ervaar en geweet God het my verlos van die vrees vir die geesteswêreld wat my van kindsbeen af gekwel het.

Die Here het my gelei om die kerk wat by Japansending gehou word, by te woon. Daar het ek in die Here gegroei en baie geleer oor die Bybel. Mettertyd het my kinders ook besluit om Jesus as hulle Verlosser aan te neem. My man het vir 'n rukkie die kerk bygewoon, maar toe besluit dat die tradisionele Japannese gebruike meer geskik was vir sy lewenstyl."

***Bid*** dat die Here sal voortgaan om die Imahorifamilie te seën en te beskerm. ***Bid*** dat die Here Homself duidelik sal openbaar aan die lede van die familie wat nog nie die Verlosser gevind het nie.

*Lees die volgende uitgawe om uit te vind watter uitdagings Shizu Imahori in die gesig moes staar en hoe die Here haar in 'n posisie geplaas het waar sy baie kon beïnvloed het vir Christus.*

## GODSDIENS IN JAPAN

Dit kan gesê word dat die Japannese nie godsdienstig is nie, maar hulle word van kleins af geleer om voortdurend te dink aan en eerbiedig te wees teenoor die geesteswêreld. Hulle betoon eerbied vir alle dinge, want hulle is geleer dat die geeste oral om hulle lewe en moontlik kan woon in alle organiese en anorganiese dinge – insluitend mense.

Dit is die rede hoekom dit vir die Japannese gebruiklik geword het om te sê ***itadakimas*** (***Ek ontvang nederig***) voordat hulle eet. Daar word geglo dat geeste in die kos woon wat gereed is om geëet te word. Hierdie woord word dikwels gesê met 'n gesindheid van dankbaarheid en jammerte oor die neem van 'n lewe om die eie lewe te kan behou. Baie sê dit dikwels uit gewoonte, sonder om veel te dink aan die betekenis daarvan.

***Bid*** dat die Japannese die ware openbaring van die Here sal ervaar en dat die Heilige Gees die waarheid oor sulke sake sal openbaar terwyl ons uitreik met die evangelie.

## PERSONEELOPDATERING - KANSAI CHRISTENSKOOL (KCS)

In 1970 het Japansending die behoefte raakgesien aan 'n Christenskool vir die kinders van die sendelinge wat probeer uitreik na die 23 miljoen mense in die Kansai-area. Kansai Christenskool (KCS) is begin deur Japansending asook vier ander sendingrade en gaan steeds voort om in bogenoemde belangrike behoefte te voorsien.

Alhoewel die doel van die skool is om Christelike onderrig aan sendelingkinders te verskaf, kom tot 20% van die leerlinge van nie-Christenhuise. Japansending voorsien sendingonderwysers aan KCS en het ook sedert 1970 verteenwoordigers op die Skoolraad.

Onderwysers het 'n unieke geleentheid om sendelinge se kinders te bemoedig, te getuig teenoor nie-Christelike leerlinge en ouers en om die omringende gemeenskap te beïnvloed vir Christus. Ons word bemoedig deur die aantal ouers en leerlinge wat die Here leer ken – soos Shizu Imahori en haar kinders.

## DIE SWALLOWFAMILIE

Brandon (25) en Laura (24) Swallow het in September 2016 vanaf die VSA by Japansending aangesluit. Laura is 'n gekwalifiseerde onderwyseres en hou voltyds skool by KCS se middelbare skool. Haar man, Brandon, help met verskeie evangeliese uitreike van Japansending en sorg ook vir hulle twee klein kindertjies, Lisanna (3) en Arrow (1).

Brandon en Laura is opgewonde om deel te wees van die bediening by KCS en Japansending. Hulle het die Here se leiding en wonderlike voorsiening ervaar toe Hy vir hulle die weg gebaan het om die skuif na Japan te maak.

***Bid*** dat Brandon wysheid sal ontvang en 'n effektiewe getuie sal wees.

***Bid*** vir beskerming vir die kinders en dat hulle sal groei in hulle kennis en begrip van die Here.

***Bid*** dat die Here vir Laura wysheid en sterkte sal gee, terwyl sy skoolhou en uitreik na die nie-Christelike leerling en ouer-gemeenskap.



*Brandon, Laura, Lisanna en Arrow*